



Kriteria vir die toekenning van

EREKLEURE

ALGEMEEN

1. Kleure word toegeken om aan leerders erkenning te gee vir prestasies behaal op akademiese, kulturele en sportgebied.
2. Toekennings word oorweeg deur die Erekleurekomitee bestaande uit die skoolhoof, adjunkhoof en 'n leierspanlid. Die sportorganiseerder en die kultuursameroeper kan as lede gekoöpteer word. Indien die prysuitdelingskoördineerder nie een van die genoemde posisies beklee nie, sal sy/hy ook in hierdie komitee dien.
3. By die toekennings word prestasie soos gemeet aan neergelegde kriteria, goeie gedrag, lojaliteit, toewyding en bywoning in aanmerking geneem. Die reg word voorbehou om in die geval van ernstige wangedrag enige toekenning te weerhou of in te trek. Appél kan aangeteken word. Skriftelike besware teen enige kandidaat sal deur die Erekleurekomitee bespreek word en hulle beslissing is finaal.
4. Bywoning van kultuur- en sportaktiwiteite:
 - Daar word van 'n leerder verwag om 90% van alle oefeninge vir die volle jaar by te woon met geldige verskonings vir die afwesigheid van oefeninge.
 - 100% bywoning vir die volle jaar word verwag by optredes, wedstryde en kompetisies waaraan deelgeneem word. Slegs mediese sertifikate sal oorweeg word. Enige ander afwesigheid mag slegs deur die skoolhoof goedgekeur word.
5. Toekennings word by die jaarlikse prysuitdelingsgeleentheid in die vierde kwartaal gemaak, asook, in die geval van 'n graad 12-leerder, in die loop van die jaar by 'n saalbyeenkoms sodat daar geleentheid is om die wapen te dra.
6. Kleure word toegeken:
 - aan 'n leerder van die skool wat die prestasie gelewer het terwyl sy 'n ingeskrewe leerder van die skool is (Graad 12-leerders word beskou as ingeskrewe tot 31 Desember van die bepaalde jaar)
 - aan 'n oudleerder vir uitsonderlike prestasie
 - vir Bloemhof-sportsoorte

- vir **nie-skoolsoorte** slegs vir prestasies op provinsiale/nasionale vlak indien bewys van die prestasie gelewer kan word (bv. d.m.v. 'n sertifikaat) en deelgeneem is aan die SA-kampioenskappe (verwys sport: punt 7)
 - vir **kultuuraktiwiteite** waarin 'n leerder presteer
7. Voorleggings of appél word **skriftelik** by die voorsitter van die Erekleurekomitee ingedien. Die verantwoordelikheid om 'n prestasie onder die aandag van die Erekleurekomitee te bring berus by die leerder self (veral in die geval van aktiwiteite buite die skool en/of die P J Olivier-kunsskool).
Die leerkrag verantwoordelik vir die spesifieke aktiwiteit **sal dit kontroleer**.
8. In die geval waar 'n prestasie herhaal word, word die toekenning weer gemaak, maar die leerder ontvang nie weer die erewapen nie.
9. **Volkleure**
(Breë riglyn: Prestasies op nasionale en internasionale vlak.)
- 9.1 **Akademie:** word toegeken aan senior leerders in graad 11 en graad 12.
- 9.2 **Sport:** word toegeken aan leerders van graad 8 tot graad 12.
- 9.3 **Kultuur:** word toegeken aan graad 8 tot 12 leerders. (Sien die bykomende vereistes vir kulturele aktiwiteite en vir onderskeie kategorieë by kunswedstryde).
- 9.4 Volkleure behels 'n erespeld sowel as 'n sertifikaat.
10. **Halfkleure**
(Breë riglyn: Prestasies op provinsiale vlak.)
- 10.1 **Akademie:** word toegeken aan graad 10- tot graad 12-leerders.
- 10.2 **Sport:** word toegeken aan leerders van graad 8 tot graad 12 wat presteer op provinsiale of gelykstaande vlak. (Diskresie berus by die Erekleurekomitee.)
- 10.3 **Kultuur:** word toegeken aan leerders van graad 8 tot graad 12, wat presteer op provinsiale of gelykstaande vlak. Sien die bykomende vereistes vir kulturele aktiwiteite en vir onderskeie kategorieë by kunswedstryde. (Diskresie berus by die Erekleurekomitee.)
- 10.4 Halfkleure behels 'n erespeld sowel as 'n sertifikaat.

LET WEL:

- Geen erekleure kan toegeken word indien die leerder nie deelgeneem het nie.
- Geen leerder kan akademiese kleure ontvang indien die volle eksamen nie soos vereis, afgelê is nie.

1. Volkleure

1.1 Akademiese volkleure word slegs aan leerders in graad 11 en graad 12 toegeken.

1.2 Die volgende prestasies word in berekening gebring:

Graad 12: Die laaste TWEE opeenvolgende eksamens.

- Junie- en Septembereksamens in graad 12
- In BEIDE eksamens moet 'n minimum van 80% behaal wees en nie een van die twee gemiddeldes mag laer as 80% wees nie (0,5% kan bygetel word op gemiddelde % van altwee eksamens).
- LW Toetspunte geld nie.

Persentasie: 80%+ | Minimum persentasie: 80%

1.3 Graad 11: Aangepas volgens dieselfde beginsels hierbo uiteengesit.

- Graad 11-leerders kan volkleure verwerf op grond van hul uitslae van die laaste TWEE eksamens (Graad 11 Junie en Graad 10 November).
- In BEIDE eksamens moet 'n minimum van 80% behaal wees en nie een van die twee gemiddeldes mag laer as 80% wees nie (0,5% kan bygetel word op gemiddelde % van altwee eksamens).

Persentasie: 80%+ | Minimum persentasie: 80%

1.4 LET WEL:

In gevalle waar leerders laat in hulle skoolloopbaan by Bloemhof aansluit sal volkleure, volgens bogenoemde beginsels en op meriete, deur die Erekleurekomitee oorweeg word (Vgl Halfkleure 2.4).

2. Halfkleure

2.1 **Halfkleure** word volgens ooreenkomstige beginsels toegeken.

2.2 Graad 12: Die persentasie benodig vir elke eksamen:

- Junie- en Septembereksamens in graad 12
- In BEIDE eksamens moet 'n minimum van 75% behaal wees en nie een van die twee gemiddeldes mag laer as 75% wees nie (0,5% kan bygetel word op gemiddelde % van altwee eksamens).

Persentasie: 75%+ | Minimum persentasie: 75%

2.3 **Graad 10- en 11-leerders** kan halfkleure verwerf op grond van hul uitslae van die laaste TWEE eksamens:

- Graad 11: Junie plus graad 10 November
- Graad 10: Junie plus graad 9 November

Die vorige jaar se Junie-eksamen kan nie vir erekleure in berekening gebring word nie.

In BEIDE eksamens moet 'n minimum van 75% behaal wees en nie een van die twee gemiddeldes mag laer as 75% wees nie (0,5% kan bygetel word op gemiddelde % van altwee eksamens).

Persentasie: 75%+ | Minimum persentasie: 75%

2.4 Gevalle waar leerders laat in hulle skoolloopbaan by Bloemhof aansluit word dit, soos onder Volkleure 1.4 uiteengesit is, behandel.

ALGEMEEN

- Die vereiste gegewens t.o.v. kandidate word verskaf deur die leerkrag verantwoordelik vir punteverwerkings op die rekenaar.
- Grensgevalle moet ook aangetoon word.

1. **DANS**

(Ballet, Hip Hop, Moderne danse)

Senior: 15 tot 18 jaar tydens deelname aan die kompetisie.

LW: Toekenning van kleure aan enige ander vorme van danse berus by die diskresie van die Erekleurekomitee.

1.1 **Volkleure**

1.1.1 KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

- 'n Senior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere of medaljes wen). LW Daar is nie altyd bekere nie.
- 'n Senior leerder wat 3 cum laude-toekennings (90%+) verwerf vir 3 verskillende danse.

LW: Deelname in dansgroepe kwalifiseer nie vir erekleure nie.

1.1.2 EKSTERNE EKSAMENS (RAD)

- Slaag *Advanced 1* met 85% of *Advanced 2* met 65%.

1.1.3 BALLETGESELSKAP

- 'n Junior/senior leerder wat as jeuglid in die Kaapse Balletgeselskap opgeneem word.

1.2 **Halfkleure**

1.2.1 KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

- 'n Senior leerder wat 'n beker of medalje (kategorie) wen of 2 cum laude-toekennings (90%+) verwerf.
- 'n Junior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere of medaljes wen).
- 'n Junior leerder wat 3 cum laude-toekennings (90%+) verwerf vir 3 verskillende danse.

LW: Deelname in dansgroepe kwalifiseer nie vir erekleure nie.

1.2.2 EKSTERNE EKSAMENS

- Slaag *Intermediate* of *Advanced Foundation* met 75% of graad 7 of 8 met 85%.
- **NB Sien danskriteria op bl.16 (bylaag).**

2. WOORDKUNS

(Redevoering, Debattering, Kunswedstryde, Toneelkompetisies, Fidelis)

2.1 Volkleure

2.1.1 KOMPETISIËS

A. REDEVOERING/DEBATTERING

- 'n Junior/senior leerder/span wat deelneem aan die finale rondte van 'n nasionale redenaars- of debatskompetisie en onder die eerste vyf eindig (ten minste 3 rondtes).

B. TONEEL

- 'n Junior/senior leerder wat 'n minimum van 2 goue sertifikate op 'n erkende nasionale kompetisie verwerf, bv. ATKV.
- 'n Junior/senior leerder wat as lid van 'n toneelgroep 'n eerste, tweede of derde plek behaal het in die finale rondte van 'n erkende nasionale kompetisie, bv. ATKV.
- 'n Junior/senior leerder wat 'n erepenning (of gelykstaande kwalifikasie) ontvang by 'n erkende nasionale kompetisie.

C. FIDELIS

- Die redaktrise van 'n redaksietermyn waarin die Fidelis 'n eerste, tweede of derde plek en 'n minimum van 80% in 'n landwye kompetisie, bv. Media24 se Nasionale Skoolkoerant Projek-kompetisie, behaal het.
- Enige individuele verslaggewer / fotograaf / spotprent- of grafiese kunstenaar wat in 'n spesifieke kategorie 'n eerste, tweede of derde plek en 'n minimum van 80% in 'n nasionale kompetisie behaal het.

2.1.2 KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

Senior: graad 11 en 12

LW: Slegs individuele deelname en prestasies word erken.

- 'n Senior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere of medaljes wen).
- 'n Senior leerder wat 3 cum laude-toekennings (90%+) vir 3 verskillende stukke verwerf.

Bekerwenners/medaljewenners moet ten minste een beker/medalje op die Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod gewen het.

Cum laudes moet aan twee verskillende eisteddfods vir verskillende werke behaal word.

Een van die eisteddfods moet of Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod (by verskillende afdelings) wees.

LW: Junior leerders kwalifiseer nie vir volkleure in woordkuns nie.

Leerders wat as lid van 'n groep deelneem kwalifiseer nie vir erekleure nie.

2.2 Halfkleure

2.2.1 KOMPETISIES

A. REDEVOERING/DEBATTERING

- 'n Junior/senior leerder (of kleiner ensemble: 9 lede of minder) wat deelneem aan die finale rondte van die Stellenbosch Nasionale Ensemble kompetisie en 'n 1ste of 2de plek behaal het in die kategorie. (Diskresie berus by die Erekleurekomitee.)
- 'n Junior/senior leerder wat as wenner van 'n streekkompetisie of –liga aangewys word, bv. Strand Rotariërs Redenaarskompetisie, Boland- of WP-liga, Dink-of-Sink Debatskompetisie.

B. TONEEL

- 'n Junior/senior leerder wat 3 goue sertifikate by enige streekskompetisie verwerf.
- 'n Junior/senior leerder wat lid is van 'n toneelgroep wat onder die eerste drie in 'n streekskompetisie (minimum twee rondtes) eindig. (Moes fisies deelgeneem het).

C. FIDELIS

- Die redaktrise van 'n redaksietermyn waarin die Fidelis 'n vierde tot agtste plek en 'n minimum van 70% in 'n landwyse kompetisie, bv. Media24 se Nasionale Skoolkoerant Projek-kompetisie, behaal het.
- Enige individuele verslaggewer wat in 'n spesifieke kategorie 'n vierde tot agtste plek en 'n minimum van 70% in 'n nasionale kompetisie behaal het.
- Enige leerder wat in 'n streekskompetisie vir joernalistiek of skoolkoerante 'n eerste, tweede of derde plek en 'n minimum van 70% behaal het.
- Enige leerder wat gekies is om in *Die Burger* se Jeugredaksie te dien en wie se gereelde substansiële bydraes in 'n gevestigde en kredietwaardige koerant, bv. *Die Burger*, of 'n tydskrif gepubliseer is.

2.2.2 KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

Senior: graad 11 en 12

LW: Slegs individuele deelname en prestasies word erken.

- 'n Senior leerder wat 'n beker/medalje (kategorie) wen of 2 cum laude-toekennings (90%+) verwerf.
- 'n Junior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere of medaljes wen).
- 'n Junior leerder wat 3 cum laude-toekennings (90%+) verwerf vir 3 verskillende stukke.

Die volgende kriteria geld verder:

Bekerwenners/medaljewenners moet ten minste een beker/medalje op die Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod gewen het.

Cum laudes moet aan twee verskillende eisteddfods vir verskillende werke behaal word. Een van die eisteddfods moet òf Stellenbosch òf Tygerberg Eisteddfod (by verskillende afdelings) wees. Leerders wat as lid van 'n groep deelneem kwalifiseer nie.

3. **MUSIEK**

(Redevoering, Debattering, Kunswedstryde, Toneelkompetisies, Fidelis)

Senior: graad 11 en 12

Bloemhof Accelerando Koor, Stringendo Orkes en Musica Perpetua:

'n Leerder moes fisies deelgeneem het en ten minste een volle jaar lid van die orkes of koor wees; d.w.s. geen graad 8 of nuwe leerder nie. Uitsonderings berus by die diskresie van die Erekleurekomitee.

3.1 **Volkleure**

3.1.1 INSTRUMENTAAL

- 'n Junior/senior leerder (of kleiner ensemble: 9 lede of minder) wat deelneem aan die semi-finaal van 'n nasionale kompetisie soos die ATKV Muziq-, Nasionale Jeugmusiek-, Hennie Joubert- of enige erkende internasionale kompetisie en tussen die top 8 geëindig het.
- 'n Junior/senior leerder (of kleiner ensemble, 9 lede of minder) wat deelneem aan die finale rondte van die Stellenbosch Nasionale Ensemble kompetisie en 'n 1ste of 2de plek behaal het in die kategorie. (Diskresie berus by die Erekleurekomitee.)

3.1.2 KOOR

- 'n Junior/senior leerder wat as lid van die Bloemhof Accelerando koor, 'n groter ensemble of Tygerberg-kinderkoor 'n eerste, tweede of derde plek in 'n nasionale kompetisie behaal het.
- 'n Junior/senior leerder wat as lid van die Bloemhof Accelerando-koor of Tygerberg kinderkoor deelneem aan die finale rondte van 'n internasionale kompetisie.

3.1.3 KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

- 'n Junior/senior leerder wat as beste kandidaat in 'n hele instrumentgroep aangewys word.
- 'n Senior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere wen).
- 'n Senior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere wen).

Die volgende kriteria geld verder:

Bekerwenners moet ten minste een beker op die Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod gewen het.

Cum laudes moet aan twee verskillende eisteddfods vir verskillende werke behaal word. Een van die eisteddfods moet of Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod (by verskillende afdelings) wees.

EKSTERNE EKSAMENS (UNISA of Royal Schools of Trinity)

- Slaag Graad 8 prakties met 80%+.
- Slaag beide Graad 5 en 6 musiekteorie met lof.
- Ontvang die Hennie Joubert Toekenning in hul praktiese eksamen vir enige van die grade 6 of 7 of 8.
- Ontvang die Hennie Joubert Toekenning in hul teorie eksamen vir enige van die grade 5 of 6.
- Verskyn (tydens hoërskoolloopbaan) drie jaar agtereenvolgens op die ererol van Unisa vir prakties of teorie Graad 3 en hoër.

3.1.5 ORKES

- 'n Junior/senior leerder wat as lid van die Nasionale Jeugorkes (A-orkes) optree tydens die Nasionale Jeugorkeskursus
- 'n Junior/senior leerder wat as solis saam met 'n erkende orkes optree, bv. die US Simfonie-orkes, Hugo Lambrechts Simfonie-orkes.
- 'n Junior/senior leerder wat as lid van 'n Bloemhoforkes 'n eerste, tweede of derde plek in 'n nasionale kompetisie behaal het.

3.2 Halfkleure

3.2.1 INSTRUMENTAAL

- 'n Junior/senior leerder wat deelneem aan die Nasionale Jeugmusiekkompetisie.
- 'n Junior/senior leerder wat as wenner in 'n streekkompetisie aangewys word.

Uitsonderings berus by die diskresie van die Erekleurekomitee.

3.2.2 KOOR

- 'n Junior/senior leerder wat lid is van die Bloemhof Accelerando koor wat die finale rondte van 'n streekskompetisie wen, bv. Tygerberg Eisteddfod.
- 'n Junior/senior leerder wat deelneem aan die semi-finale rondte van 'n nasionale of internasionale koorkompetisie.
- 'n Junior/senior leerder wat optree as lid van 'n semi-professionele koor.

KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

- 'n Senior leerder wat 'n beker (kategorie) wen of 2 cum laude-toekennings (90%+) verwerf.
- 'n Junior leerder wat as wenner in 2 kategorieë aangewys word (d.w.s. 2 bekere wen).
- 'n Junior leerder wat 3 cum laude-toekennings (90%+) verwerf vir 3 verskillende stukke

Die volgende kriteria geld verder:

Bekerwenners moet ten minste een beker op die Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod gewen het.

Cum laudes moet aan twee verskillende eisteddfods vir verskillende werke behaal word. Een van die eisteddfods moet of Stellenbosch of Tygerberg Eisteddfod (by verskillende afdelings) wees.

3.2.4 EKSTERNE EKSAMENS (UNISA of Royal Schools of Trinity)

- Slaag Graad 7 prakties met 80%+.
- Slaag Graad 7 prakties met 80%+.
- Ontvang die Hennie Joubert Toekenning vir teorie Graad 4.
- Verskyn (tydens hoërskoolloopbaan) twee jaar agtereenvolgens op die ererol van Unisa vir prakties of teorie Graad 3 en hoër.

3.2.5 ORKES

- 'n Junior/senior leerder wat as lid van die Konsert-orkes (B-orkes) optree tydens die Nasionale Jeugorkeskursus.
- 'n Junior/senior leerder wat optree as lid van 'n streekorkes, bv. US Simfonie-orkes of 'n ander (ook ad hoc) professionele orkes (waar spelers betaal word).
- 'n Junior/senior leerder wat as lid van 'n orkes, bv. Stringendo of Musica Perpetua, die finale rondte van 'n streekskompetisie, bv. Tygerberg Eisteddfod. wen.

4. VOORTREKKERS

VOLKLEURE: Presidentsverkenner

HALFKLEURE: Hoofleierswag

1. ATLETIEK

- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat deelneem vir die Boland- of Wes-Kaap-span aan die ASA-/ SASA-kampioenskappe.
- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat as individuele inskrywing deelneem aan die ASA-/SASA-kampioenskappe en 'n medalje wen by die kampioenskappe.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat op provinsiale vlak deelneem aan die Wes-Kaap-kampioenskappe.

2. NETBAL

- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n Wes-Kaap-span aan 'n interprovinsiale toernooi deelneem.
- **Volkleure** aan 'n skoolspan (alle ouderdomsgroepe) wat 'n nasionale toernooi (bv. Topskole) wen.
- **Halfkleure** aan 'n skoolspan (alle ouderdomsgroepe) wat 'n tweede of derde plek in 'n nasionale toernooi (bv. Topskole) behaal.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat as lid van 'n streekspan aan 'n streekstoernooi deelneem en 'n eerste of tweede plek behaal.

LW: Voorseisoen-toernooie (bv. Wildeklawer, Waterkloof, All Girl's) word nie in ag geneem nie

3. HOKKIE

- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n o.14 Wes-Kaap-span, Boland A of Boland B (o.14, o.16 of o.18) in die A-afdeling van 'n interprovinsiale toernooi deelneem.
- **Volkleure** aan 'n skoolspan (alle ouderdomsgroepe) wat 'n nasionale toernooi (bv. Top Twaalf) wen.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir Boland B aan 'n interprovinsiale toernooi deelneem.
- **Halfkleure** aan 'n skoolspan (alle ouderdomsgroepe) wat 'n tweede of derde plek in 'n nasionale toernooi (bv. Top Twaalf) behaal.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat as lid van 'n streekspan aan 'n streekstoernooi deelneem en 'n eerste of tweede plek behaal.

LW: Voorseisoen-toernooie (bv. St. Mary's en All Girl's) word nie in ag geneem nie.

4. **SWEM**

- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat aan die SA Prestige Swemkampioenskap of Nasionale kampioenskappe deelneem (VLAK 4 - SAJN).
- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat 'n provinsiale span verteenwoordig by die SA Skole Kampioenskap EN 'n VLAK 4 (SAJN)-tyd swem.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat aan die SA Skole Kampioenskap deelneem EN 'n medalje kry EN ten minste 'n VLAK 3-tyd swem.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat aan VLAK 3 deelneem EN 'n medalje kry.

5. **WATERPOLO**

- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n Provinsiale span (Boland A/Wes-Kaap A) aan die SA Hoërskole Kampioenskap deelneem en 'n 1ste, 2de of 3de plek behaal en/of opgeneem word en deelgeneem het vir 'n nasionale span.
- **Volkleure** aan 'n junior leerder wat vir 'n senior Provinsiale span (Boland/Wes-Kaap) gekies word wat aan die SA Kampioenskap deelneem.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat gekies word vir 'n Provinsiale span (Boland/Wes-Kaap) wat aan die SA Hoërskole Kampioenskap gaan deelneem.

6. **TENNIS**

- **Volkleure** aan 'n speler wat vir die SA-span deelneem.
- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir die Boland-span aan die SA interprovinsiale toernooi deelneem.
- **Volkleure** aan enige leerder wat nommer 1 tot 10 op TSA-ranglys (enkels/dubbels) is of 'n ITF-toernooi wen.
- **Volkleure** aan 'n span wat 'n nasionale toernooi wen (Gerrie Berner of Amanda Coetzer).
- **Halfkleure** aan 'n span wat 'n tweede plek by 'n nasionale toernooi verower.
- **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n Boland-span aan 'n streekstoernooi of wedstryd deelneem of presteer in 'n TSA-toernooi of 'n ITF-toernooi deur die eindronde te haal.

7. **ANDER SPORTSOORTE**

(span of individueel)

LET WEL:

- a) Erkenning vir 'n prestasie in 'n buite-sportsoort word slegs toegeken indien 'n leerder 'n aktiewe en volgehoue bydrae ook in 'n somer-, wintersportsoort en/of 'n kultuuraktiwiteit wat by HMS Bloemhof aangebied word, lewer.
- b) Erekleure word slegs toegeken aan 'n leerder wat gekies is vir 'n Bona Fide A-span van 'n sportsoort wat direk by SASKOK en 'n provinsiale sportliggaam geaffilieer is.
- c) Amptelike bewys van die prestasie moet op 'n briefhoof van die betrokke sportliggaam verskaf word.

- d) Toekennings geskied in oorleg met die skoolhoof en Erekleurekomitee.
- e) Diskresie berus by die Erekleurekomitee na profielontleding van die leerder en aktiwiteit.
- f) Meriete toekennings deur die Erekleurekomitee kan moontlik vir besondere prestasie toegeken word
- **Volkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n Boland A / WP A en/of Wes-Kaap A-span aan die SA Interprovinsiale Kampioenskap deelneem en 'n 1ste, 2de of 3de plek behaal en/of in 'n nasionale span opgeneem word.
 - **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n streeks A-span van alle ouderdomsgroepe deelneem.
 - **Halfkleure** aan 'n junior/senior leerder wat vir 'n Boland A /WP A en/of Wes-Kaap A-span aan die SA Interprovinsiale Kampioenskap deelneem en 4de of laer plek behaal.

Binnenshuise hokkie

- Geen erekleure vanaf November 2015 nie, aangesien PSI (Pro Series Indoor) 'n privaat entiteit is; deelname verteenwoordig nie provinsiale of nasionale kleure nie.
- Merietetoekennings deur die Erekleurekomitee kan moontlik vir besondere prestasie toegeken word.

Aksienetbal

- Soos netbal tot en met deelname tot 1 Mei 2018. Vir deelname daarna sien punt b bo, onder LET WEL.
- Merietetoekennings deur die Erekleurekomitee kan moontlik vir besondere prestasie toegeken word

KRITERIA

EKSPPO

- **Volkleure** aan 'n leerder deur Stellenboschstreek verkies om aan 'n Nasionale Ekspo in Pretoria deel te neem.
- **Halfkleure** aan 'n leerder wat by die Stellenboschstreek-kompisies 'n goue medalje verwerf.

KRITERIA

OUDLEERDERS VOLKLEURE

1. Erekleure sal op die jaarlikse prysuitdeling toegeken word aan oudleerders wat op nasionale of internasionale vlak:
 - 'n besondere prestasie behaal of 'n toekenning verwerf het.
 - roem verwerf het.

Oudleerders wat reeds erekleure op skool verwerf het, kan wel weer vir prestasies wat hulle na skool behaal, in aanmerking kom (LS 4/9/2006).

2. DIE PRESTASIE

- 'n Besondere prestasie – dit kan wees as skrywer van 'n boek, kunstenaar, wetenskaplike, politikus, akademikus of sportvrou.
- Ontvangers moet bekroondes wees/mense wat reeds toekennings gekry het/reeds bekendheid of roem nasionaal of internasionaal verwerf het.
- Ontvangers moet SA verteenwoordig/vertteenwoordig het.

3. DIE TOEKENNING

- Die toekenning sal slegs as “erekleure” bekendstaan.
- 'n Kort beskrywing van die prestasie mag/kan ter verduideliking op die sertifikaat aangebring word. Voorbeeld: Vir haar besondere bydrae op die gebied van Tegnologie in Suid-Afrika.
- Die toekenning is slegs 'n geraamde sertifikaat en nie 'n balkie nie. Balkies sal nie voortaan as toekenning saam met erekleure gegee word nie (LS 4/9/2006).

4. DIE PROSEDURE

- Nominasies vir hierdie toekenning moet verkieslik een jaar voor die tyd aan die leierspan vir goedkeuring voorgelê word.
- Die hoof van die prysuitdeling sal 'n skriftelike uitnodiging aan die oudleerder rig waarin die rede vir haar toekenning uitgestip word. Sy kan skriftelik of per e-pos aanvaar.
- Sy kan ook gevra word om die prysoorhandiging van die leerders waar te neem.

KRITERIA

HMSB PERSONEEL VOLKLEURE

1. Erekleure sal op die jaarlikse Prysuitdeling aan personeel wat aan die erekleure-reglement vir personeel voldoen, oorhandig word.

2. KRITERIA

Die reglement van die leerders dien as riglyn vir personeeltoekennings.

- **AKADEMIE:** Minstens 'n PhD-graad
- **KULTUUR:** Minstens 'n prestasie op Senior en Nasionale vlak
- **SPORT:** Minstens 'n medaljewenner (1ste, 2de of 3de) op Nasionale vlak by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

3. DIE TOEKENNING

- Die toekenning is eenmalig vir dieselfde prestasie.
- Word vanaf 2015 vir die eerste keer toegeken; geen toekenning vir prestasies voor 2015 behaal nie.
- Die toekenning sal slegs as “erekleure” bekendstaan.
- 'n Kort beskrywing van die prestasie sal as verduideliking op die sertifikaat aangebring word, bv. vir 'n besondere bydrae gelewer op die gebied van Tegnologie in SA.
- Die toekenning is slegs 'n geraamde sertifikaat.
- Prestasie moet behaal wees in die tydperk na die vorige jaar se Prysuitdeling tot voor die huidige jaar se Prysuitdeling.

4. DIE PROSEDURE

- Nominasies word deur die Departementshoof: Sport/Kultuur/Akademie gedoen, afhangende van die prestasie en gemeet aan die kriteria van die reglement vir personeel.
- Slegs persoonlike prestasies word in ag geneem en nie prestasies wat deel uitmaak van die buite-muurse werkslading (of skoolverwant) nie.
- Die leierspan van die skool moet die toekenning goedkeur.

	ROYAL ACADEMY BALLET		CECHETTI BALLET		AIDT/ISTD MODERNE DANS		SADTA HIP HOP	
HALFKLEURE	Grade 6	80 - 100	Grade 5	80+	Preliminary	85 - 89	Level 4	90 - 100
	Grade 7	75 - 100	Intermediate Foundation	75+	Elementary	80 - 84	Level 5	90 - 100
	Grade 8	75 - 100	Intermediate	75 - 79			Level 6	90 - 100
	Intermediate Foundation	80 - 100						
	Intermediate	75 - 84						
	Advanced Foundation	75 - 84						
	Advanced I	70 - 74						
VOLKLEURE	Intermediate	85 - 100	Intermediate	80 - 100	Preliminary	90 - 100	Level 4	90 - 100
	Advanced Foundation	85 - 100	Advanced I	75+	Elementary	85 - 100	Level 5	90 - 100
	Advanced I	75 - 100	Advanced II	70+	Intermediate	80 - 100	Level 6	90 - 100
					An individual must reach the finals in a national competition or represent SA in an individual item overseas.		Must be placed 1st (gold) 2nd (silver) 3rd (bronze) in national competition or represent SA in an individual item oversees.	
					Highly Commended: 80% Honors: 85% Honors with distinction: 90%			

*ISDT geakkrediteerde eksamens word vanaf 2016 erken.

LET WEL: Deelname aan kompetisies in dansgroepe kwalifiseer nie vir erekleure nie.